

10 Julie

Skrifgedeelte: Hosea 11 en 12

Liefde moet met liefde beantwoord word

God het sy kind (die volk Israel) lief soos 'n pa sy kind liefhet. Hy het die kind van Hom leer loop, sy hand vasgehou, treetjie vir treetjie saamgeskuifel sodat hy nie val nie. As sy kind moeg is, het Hy hom opgetel en gedra (vers 3). Hy het vir sy kind die lewe makliker probeer maak (vers 4). Hy het sy kind dissipline geleer (Deut 8:3-5). As 'n kind soveel liefde ontvang, moet hy dit tog met wederliefde beantwoord.

Kan jy dit glo? Die kind is ongehoorsaam. Hy loop weg. Hy gaan bly by sy Pa se vyande. Die wet het bepaal dat so 'n kind met klippe doodgegooi moet word (Deut 21:18 ev).

Maar die kind se Pa sê: Ek kan dit nie oor My hart kry om dit te doen nie. Die rede is dat sy liefde te sterk brand. God weet sy volk is verstrik in die sonde (dis die letterlike betekenis van vers 7). Die sonde is nie maar soos 'n siekte wat jy van jou kan afskud nie. Nee, dit is 'n verslawende mag wat jou so in sy greep kry dat jy nie daar kan uitkom nie. Wat hulle nodig het, is 'n Redder. Die Redder moet nog uit die kind gebore word. Ter wille van Christus wat gebore moet word, spaar God die kind Israel se lewe. Christus het ter wille van jou sonde aan die kruis gesterf, maar Hy het ook opgestaan uit die dood. Saam met Hom het jy opgestaan uit jou sondedood. In Hom kan jy nou met die sonde in jou lewe breek; kan jy jou Vader gehoorsaam; kan jy Hom van harte liefhê en met oorgawe dien.

Sing: Skrifberyming 33:1,3

Ds CS Grobler (Stellenbosch)